



VOORBEELD


Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074


E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS 'n swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Lees die leesstuk en beantwoord die vrae noukeurig op die antwoordblad.

- 'n Goeie titel vir die teks is**
 - Robbie red die twee maats.
 - Red die vakansie.
 - Red vir Robbie.
 - Ma Rob red vir Robbie.
- 'n Woord met dieselfde beteken as 'vriende', is**
 - ouers.
 - maats.
 - grootouers.
 - sussies.
- Die vriendinne woon by die see.**
 - Nee, hulle is met vakansie.
 - Ja, hulle gaan elke dag see toe.
 - Nee, hulle gaan elke dag see toe.
 - Ja, hulle is met vakansie.

Kies die regte woorde van (a) – (d) om vrae 4 - 6 te voltooi.

- Meermin
- Rob
- skulpe
- Kara

- Hulle tel op.**
- is eers bang vir die water.**
- sit vas in die grot.**

- Hoe sal jy Kara beskryf?**
 - bangbroek
 - avontuurlustig
 - snip
 - hulpvaardig
- 'n Mens het 'n vel en 'n dier het 'n**
 - kop.
 - neus.
 - vel.
 - pels.
- 'n Sinoniem vir die woord 'baljaar', is**
 - speel.
 - speletjies.
 - bal speel.
 - seevakansie.
- Wat dink jy kan die maats in 'n rotspoel sien?**
 - sandkastele
 - visse
 - emmers
 - grafies

Mia en Kara is baie opgewonde. Hulle hou vakansie by die see en kan nie wag om op die strand te kom nie. "Kom ons hardloop resies!" sê Mia. Hulle hardloop tot by die blou water. Mia is mal daarvoor om in die golwe te baljaar, maar Kara is 'n bietjie bang. Sy hou meer daarvan om sandkastele te bou en in die rotspoel te loer.

Toe Mia klaar geswem het, hardloop sy na Kara toe. "Komaan," sê sy, "kom ons verken die strand." Die twee maats het hope pret. Hulle kyk na die voetspore in die sand en tel mooi skulpe op. Skielik gaan Kara staan. "Daar is 'n grot," sê sy. "Ek wonder wat binne-in is."

"Kom ons vind uit," sê Mia. Hulle stap tot by die bek van die grot. Skielik is daar 'n vreemde huilgeluid. Dit kom uit die grot.

"Dalk is dit 'n meermin!" sê Mia. Sy is so opgewonde dat sy die donker grot binnehardloop. Kara kan haar nie sien nie.

"Wees versigtig!" roep Kara. Die grot lyk nogal grillig. "Kom terug, Mia!" roep sy. Maar daar is geen antwoord nie. Kara raak bekommerd. Wat het met haar maatjie gebeur? "Mia!" roep sy weer. Maar daar is steeds geen antwoord nie. Bang sluip Kara die grot binne terwyl sy Mia se naam roep. Skielik hoor sy iemand roep. Dit is Mia. "Kom help!" roep Mia.

Kara vergeet skoon dat sy bang is. Sy hardloop agter die geluid aan. Toe haar oë aan die donker gewoond raak, sien sy vir Mia. Sy kniel langs 'n rots. "Daar is iets agter die rots vasgekeer," sê Mia.

Kara gryp die rots vas en probeer vir Mia help. Hulle druk en stoot. Maar die reuse-rots beweeg nie. Agter die rots kom 'n tjankgeluid uit.

Desperaat probeer Mia en Kara weer. Hulle stoot. Skielik hoor Kara die branders agter haar klots. Sy draai benoud om. "Ek dink die gety kom in," sê sy. "Wat as ons in die grot vasgekeer word?"

"Ons moet gou maak," sê Mia. "Stoot!"

Die maats stoot harder as ooit. Stadig begin die rots beweeg. Agter die rots is 'n baba-rob. Sy oë is groot en hartseer. "Ag, hy's oulik," sê Kara. Sy streek die rob se grys pels. "Kom ons noem hom Robbie!"

Die rob kyk met sy groot oë na hulle. Skielik waggel hy nader. "Ons het jou gered, Robbie!" sê Mia.

"Nee, ons het nog nie," roep Kara uit. "Kyk!"

Die gety stoot by die grot in. As hulle nie gou maak nie, gaan hulle vasgekeer word!

Mia en Kara tel die rob vining op. Met die branders wat om hulle enkels klots, dra hulle hom by die grot uit. Versigtig sit hulle hom in die see.

Mia en Kara hou hulle asem op. Die rob dryf op en af op die branders. Dan begin hy swem. Skielik sien hulle 'n groter rob wat na hom toe aangeswem kom. "Dis Robbie se mamma!" juig Mia. Die groot rob snuffel opgewonde aan haar kleintjie. "Sy verwelkom hom terug."

Skielik kyk Kara af. Sy staan sowaar in die see. "Ek is nie meer bang vir die water nie!" roep sy uit. Robbie en sy ma kyk hoe die twee maats terug strand toe swem. Daarna bou hulle 'n pragtige sandkasteel wat nes hulle nuwe maatjie lyk. "Hierdie gaan die beste vakansie ooit wees," sê Mia. "Beslis!" sê Kara.

(Verwerk uit: *Die dansende Feetje*, Jaco Jacobs)